Dingaansfees,
Paarl 16 Des. 1941.

191. T. 5(28)

# Damwalle van ons Behoud.

I. Die huidige toestande.

Waarde v. Ding.-dag; Eg-Afr.; Uiting v. Afr. siel. Verskeie feeste. Nou word ons weer daartoe geroep. Maar onder watter omstandighede? Groot wêreld daarbuite. Het ons reg om fees te vier? Ja, meer as ooit.

II Die Stryd van ons volk in verlede.

Ons hoef nie terug te deins nie. Stryd v. voorgeslagte.
Op Ekon. Gebied. – Pioniers – Wildediere, barbare (~~[illegible]~~ Oos-grens, Natal, Tvl., O.V.S.) Natuurl. faktore. Nie dinge wat 'n volk ryk maak nie.
Op Staatk. Gebied. – Ons volk vroeg bewus en soek wat 'n nasie pas. Gr.-Rt. + Swell. 1795. Anneksasie O.V.S. 1848 – Boomplaas & daarna. Anneksasie v. Tvl. 1877, 1ste V.O. – 2de V.O. = verliese en ellende. – Godswonder!
Op Kult. Gebied. – Denas. uit buitel. – Verengelsing. Howe, onderwys, pl. best. en selfs in Kerk. Tog nie ondergang – Damwalle.

III Damwalle van die verlede.

Bybel. – Soggens en saans; leesboek; Toevlug; Ou Test.
Huisgesin. – Van begin in ere; heilige band. Op Trek. bet. v. huisgesin: godsd., opvoedk. & sosiologies.
Groot-Trek. – Waarom dit plaasvind – Retief. In nuwe gebiede.
Republieke. – Natal, Tvl. + O.V.S.; Bet.; Damwal breek.
Helpmekaar. – Sieraad vir ons volk – doel. Beyers.
Leiers. – ook die wat afgewyk het –; egter ook ander.

voorbeelde: Potg., Retief, Maritz, Pretorius. „Onze Jan". Steyn, Kruger. Manne soos Moses.
Dis Damwalle van verlede; het stortreëns en stormwaters teengehou.

IV <u>Damwalle van Vandag.</u>
Sommige v. verlede bestaan nog. - Bybel, huisgesin en ook Halfmensaar.
Tye verander egter; nuwe walle nodig.
<u>F.A.K.</u> - Org. op kult. gebied. Afr. het homself geestel. gevind; oom Pietie le R. en mnr. Pellissier.
<u>Eeufees & Ossewatrek.</u> - Uitvloeisel v. kult. bewuswording. Aangrypende tonele met trek.
Afr. toon dat hy in sy kern gesond is.
<u>R.D.B.</u> - Direkte gevolg v. Eeufees. Verheve gedagte v. volksvader.
<u>Leiers.</u> - leiers op kult, ekon. en staatk. gebied.
Bo-oor almal egter een groot Afr.-figuur, D.F. Malan.
Kraalbosdam - nie slegs staatk. leier nie.
Het altyd koers gehou. V.volleenw. groei in Afr.-dom.
Opoffering in diens v. volk. Sy pad kom ver!
Grammofoon v. vyande.

V <u>Slot.</u>
Afr.-dom vandag in sy kern gesond. - gesonder as ooit tevore. Ontbreek net één ding.... moet ook na buitentoe een wees. Hoe dit moet gebeur. Pleitrede. Laat dit boodskap wees.

Paarl: — Damwalle van Ons Behoud.

I. Die huidige toestande.
Waarde van Dingaansdag vir Afrikanerdom.
'n Eg-Afrikaanse nasionale feesdag.
'n Bindende faktor — die uiting van die Afrikanersiel. Waar Afrikaners is word Ding.-dag gevier. — Verskeie Ding.-dae meegemaak. Die gewone, soos op baie plekke georganiseer. In Berlyn. In noorde van Suidwes met Eeufees; hier ook Angolaboere. En orals: 'n eg-Afr. gees.
Vandag word Afrikaners weer daartoe opgeroep, en feit dat ons so bymekaar is getuig daarvan dat ons 'n behoefte daaraan het.
Maar onder watter ontsettende omstandighede?
Die groot wêreld daarbuite. Vir jarelank het oorlogswolke saamgekom — twee jaar gelede het onweer losgebars. Wes-Europa, die bakermat v. ons besk., word tot op sy fondamente geskud. En die brand breek uit — ook ~~Jap~~ Rusland, Japan, Amerika.
En ons is daarin — ~~ons ons van~~ teen ~~ons~~ sin ja, ons reg. het oorlog verklaar ~~teen die mens~~ sonder om die volk te raadpleeg, maar ~~van ons se sin~~ ons is daarin, en die rampe is ook ons rampe. — Voorwaar 'n kritieke tyd vir die Afr.-dom. Ons vra selfs: het ons reg om fees te vier?
Om fees te vier, om Dingaansfees te vier,

daartoe het ons seer seker reg, en ook meer as ooit tevore. Want juis nou moet ons as Afrikaners mekaar vind. Juis nou besef dat ons ons eie het wat ons eie koers bepaal. Dat ons wet ons voete albei in ons eie land slaan, en dat ons moet probeer handhaaf wat ons eie is. Doen ons dit nie dan word ons gedwee meegesleur, en word ons miskien die prooi van die een of ander anti-Afr. en on-Afr. rigting. Juis daarom is Dingfees vandag meer noodsaaklik as ooit tevore.

II Die Stryd van ons Volk in verlede.

Ons beleef kritieke tye, dis waar, maar dis vir ons volk niks nuuts nie. Ons hoef nie terug te deins nie. Ons voorgeslagte het ook hulle stryd gehad. Ons hele geskiedenis is feitlik niks anders as een groot worstelstryd nie, 'n worstelstryd om selfbehoud.

Die Stryd op 3 vername gebiede.

Op Ekon. gebied: Dis ons voorouers wat die pioniers in S.-Afr. was., wat vooruitgegaan het en land bewoonbaar gemaak het. Hulle wat stryd teen wildediere aangeknoop het, en wat die land vir die mens bewoonbaar gemaak. Wat stryd teen woeste, heidense barbare moes voer om

die land vir beskawing veilig te maak.
Kyk maar na die oosgrensgebied (Kosas),
na Natal (Soeloes), na Transvaal
(Matabelees) en na O.V.S. (Basoetoes).
Maar dis ook ons voorvaders wat stryd
teen die onbekende natuurlike toestande
van die binnelande moes voer —
sonskyn en kome; droogte en
oorspoelings; hael. Dit alles toon die
stryd op ekon. gebied — dis nie dinge
die wat 'n volk ryk maak nie.
Op Staatk. gebied: Ons volk het vroeg
homself bewus geword, en toe hy
nasiebewus geword het, het hy ook
gesoek na dit wat enige nasie
pas nl. ~~basis~~ politieke onafh. Dit
sien ons reeds in 1795 toe die burgers
van Graaff-Reinet en Swellendam hul
onsimpatieke reg. omvergewerp en republieke
opgerig het. — Maar deur Britse Imp.
weer onderdruk (1795). ~~Daarna annekseer~~
~~van Vrystaat~~ Boere in Vrystaat — st
Vrystaat geannekseer (1848) — slag van Boomplaas —
Enorme boetes op Pretorius e.a. — omdat
hulle vir hul onafh. geveg het — Rol
v. Br. Imp.
Toe anneks. v. Tvl. 1877 — eerste Vryheids-
oorlog — Rol v. Br. Imp.
2de Vryheidsoorlog — 1899-1902 — verliese + Ellende —
Rol v. Br. Imp.

Neem 'n mens hierdie stryd op ekon. en pol. gebied in alg. dan verbaas 'n mens jou daaroor dat Afr.-volk ~~nog staan~~ homself nog gehandhaaf het nie. Dit verbaas 'n mens nie dat daar 300,000 arm Afrikaners is nie; dis 'n Godswonder dat ons nie almal ondergegaan het nie.
Maar meer nog: Die Stryd op Kult. gebied:
~~B~~ Denasionaliserende invloede van uit buiteland. Insonderheid beleid v. verengelsing. Vir byna ~~150~~ 150 jaar volg Br. owerheid 'n fyn berekende beleid om Afr. te ~~ont~~ verengels. Deur die howe — die howe wat reg aan almal moet laat geskied; die onderwys, die onderwys wat moet veredel en verhef; deur plaaslike besture, — pol. besture wat 'n verantwoordelikheidsgevoel moet aankweek. En selfs deur die Kerk. Afr. moet verengels word. Maar ~~net soos~~ ook h/d verengelsings-beleid kon, Gode sy dank, die Afrikaner nie laat ondergaan nie.
Dit alles wys stryd v. verlede. Waarom het Afr. nie ondergegaan nie? Omdat hy in verlede, net soos vandag, damwalle opgewerp het — damwalle van sy behoud. Sommige het gou gebreek; sommige het taamlik lank gehou; sommige hou vandag nog. Almal het gehelp om die stormwaters ~~en~~ van verarming en denasionalisasie

leer te hou.

III Die Damwalle van die Verlede.

Baie daarvan – net 'n paar om te illustreer:

Die Bybel – het ~~sy plek in iedere boerewoning~~ saam met die bloues hier gekom – het sy plek in iedere boerewoning – bymekaarkoms soggends & saands. – Leesboek vir kinders – toevlug vir oueres.

Ou Testament en Voortrekkers.

Huisgesin. – Kenmerk van ons volk dat hy huisgesin van begin af in ere gehou het. – 'n Heilige band tussen vader en moeder, broers + susters. Hegte sosiale eenheid – vgl. op Trek. Bybel vorm basis hiervan – middelpunt + rekordboek. Bet. van huisgesin – godsdienstig, opvoedkundig en sosiologies.

Groot Trek. – lewe word vir boere in Kol. onmoontlik – Retief. Voel hulle verplig om te trek as hulle hul nas. selfrespek wil bewaar, en 'n toekoms vir hul nageslag wil verseker. Ook tot 'n mate suksesvol – ~~Republieke word gestig, waar boere sedes & aspirasies kan voortleef – al was dit ook tydelik~~ in die nuwe gebiede kon boere-opvattinge, -sedes en -aspirasies voortleef.

Republieke – Vername Damwal wat die Afrikaners in verlede opgewerp het – in Natal, in Transvaal en in Vrystaat.

Hier kom vir 'n tydlank daardie Boere-ideale voortleef, word kulturele selfstandigheid deur staatk. selfstandigheid geruggesteun. Maar vloedgolf van Br. Imp. te sterk – h/d damwal breek, in Natal na sowat – 4 jaar, in Transvaal & Vrystaat na 50 jaar. Maar het tog sy waarde gehad.

<u>Helpmekaar</u>. – Pragtige beweging, 'n sieraad vir ons volk. – Om Afrikaners te help wat slegs volgens hul heilige oortuiging gehandel het, wat geprotesteer het teen wat hulle as gruwelike verontagsaming v.d. volkswil beskou het – Beyers. Vervulling van sy taak, en daarna. – Jong Afrikaners in diens v. hul volk.

<u>Leiers</u>. Wel het ons ook ons voorbeelde van Afrikanerleiers wat van die Pad v. S. Afrika afgewyk het, en verkies het om in diens van die vyande van die Afrikanerdom onderdrukkers van hul volk te word. Maar ook baie andere wat trou by hulle volk gestaan het, Baie andere wat nie 'n prys gehad het nie, en wat bereid was om nie slegs die goeie nie maar ook die kwade met hul volk te ~~ontvang~~ deel. As Afrikaners die wildernis intrek om daar 'n tuiste te soek – Potgieter, Retief, Maritz,

Pretorius – en nie een van hulle het van hul koers geswyk nie. Later in Kolonie "Onze Jan" – teenoor Rhodes. In "Vrystaat" Steyn – diplomaat by uitnemendheid. In Transvaal Kruger – die Kolos van die Afrikanerdom. Dis manne hierdie soos die groot Bybelfigure – in 'n mandjie deur Farao se dogter in die riviere gevind, maar hy het die gemak en die weelde van die koninklike hof prysgegee en het verkies om liewer saam met sy volk sleg behandel te word. En die Here het hom gebruik om sy volk deur die woestyn te lei.

Dis die damwalle v.d. verlede hierdie; hulle het die stortreëns en die stormwaters nie altyd uitgehou nie, maar darem altyd teengehou, sodat ons volk ten spyte van sy teistering stryd nog altyd bewaar gebly het.

IV Die Damwalle van Vandag.

Sommige van dié v/d verlede bestaan nog – die Bybel, die huisgesin. Nog steeds kosbare en noodsaaklike middele in die versekering van ons volksbestaan. Maar dit word bedreig, en dit word ondermyn, en ons moet daarteen waak. Ook nog die

Helpmekaar maar die eintlike groot taak waarvoor hy in lewe geroep is, is ~~opgeskeep~~. het hy reeds skitterend verrig. Tye het egter verander, en stryd van afrikanerdom het in moderne tyd ander bane opgegaan. Nuwe walle moes gebou word en Afr.-dom het dit gedoen.

F.A.K. – Afr-dom is op kulturele gebied georganiseer. Kultuurverenigings. Afr. wakker gemaak tot wat sy eie is. Help om minderwaardigheidsgevoel te verwyder. In F.A.K. is geestig Afr. het homself geestelik gevind. Oom Pietie le Roux en mnr. Pellisier.

Eeufees & Ossewatrek. – Uitvloeisel van dit alles die Voortrekkereeufees en die aangrypende Ossewatrek. Afr. wys spontaan hoe hy vir sy eie verlede en sy eie helde voel — dieselfde gees dwarsdeur land. Aangrypende toneele so ver as die waens gegaan het. ~~Klein kin~~ Perdekommandos het die waens gelei gedoen; klein kindertjies het die pad aangewys; laaitjiejonges – silwer van haar en geboë van ouderdom het die ~~pad~~ tou gevat. ~~En aangewys.~~ moeders het ~~~~ die waens deur die strate getrek. Afr. toon dat hy in sy kern gesond is, en hy toon dat

hy in staat is om hom te laat gelde.

R.D.B. – ander vername daarwal, direkte gevolg v. Eeufees. Verhewe gedagte v. geeerde volksvader. Pragtige gevolg. Volk toon dat hy bereid is om sy broer se hoeder wees. – Besef dat as hy gered wil word, hy homself moet red.

Leiers. Vandag soos in verlede het volk sy leiers. En juis in hierdie tyd (belangrike) is leiers so noodsaaklik. Leiers op Kultuurgebied, op ekon. gebied en op staatk. gebied. Bo-oor almal egter vandag een groot Afr.-leier, wat voor en oor gewys het waar hy staan – daardie groot Afrikaner wat verlede jaar by Kraalbosdam te midde van duisende en duisende die Hildebrand monument onthul het, nl. D.F. Malan, (nie slegs staatk. leier nie) Mag van ons wees wat op sommige punte van hom verskil, waar dit ten minste moet ons toegee dat hy nog altyd koers gehou het. Dat hy in hom verteenwoordig wat kenmerkend van die Afrikaner, die dienende Afrikaner, is. Kerk en godsdiens. Eerbied vir sy verlede. Liefde vir sy volk. Opoffering in die diens van sy volk. –

wetenskap, kunskap. Kortom, in Afr. lei'er wie se pad ver agter hom raakte ui'tkom, deur die slote in die vlakte wentel en hier op die bergtoppe aanland – altyd met één koers: die pad v. S.-Afr. Hom moet ons kan ons vertrou, ~~omdat~~ want dis op sy hoof dat die gramskap van die vyande van die Afrikanerdom nog steeds neerkom.

Slot. Ons het 'n styd te stry, maar ons het ook ons stukkies, die damwalle van ons behoud. Daarom: die Afrikanerdom is vandag in sy siel gesond, gesonder as ooit tevore – al klink dit vreemd. Dis nietemin 'n feit. As die Afrikaner~~dom~~ hom egter in hierdie moeilike tyd ~~wil~~ kragtig laat geld, dan ontbreek hom net een ding – hy moet, soos hy in sy siel een is, ook na buite toe een wees. Dit is moontlik, en dit kan gebeur: as ons daar die groot Afrikaner se hande sterk, en in 'n gees van goedgesindheid saamwerk om sy plan vir volkseenheid werklikheid te maak – Ek pleit daar hartstogtelik voor; laat dit vanjaar die boodskap van ons Dingaansfees wees.